NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

5 November 2021: Nr 39/2021

Warmnuus

❖ Bejaardesorg in die middestad

Brood- en doekefonds – ***Francois Smit***, leraar van Pretoria, vertel dat hulle hoofsaaklik onder arm mense in die middestad werk. Weens die huidige swak finansiële situasie vind hulle dat dié mense baie swaar kry. Daar word voorsien dat ten minste twee aftree-oorde in hul grense binne die volgende jaar gaan sluit. Daarbenewens het hulle nog 'n aantal bejaarde persone wat alleen in woonstelle bly. Hierdie mense het gewoonlik geen ander heenkome nie. As gemeente het hulle 'n kospakkie-projek, hulle help ook bejaardes met doekgelde ens. Vanweë 'n gebrek aan fondse kan hulle egter nie veel meer mense help nie. Hulle vra daarom dringend hulp.

* Kliek hier om die skrywe te lees.

❖ Eerstejaarskamp: 2022

Universiteitsoord beplan 'n kamp vanaf *31 Januarie tot 4 Februarie*. Inskrywings open binnekort – besoek die webblad.

Sinodenuus

❖ Wie en wat is die NG Kerk

Videoreeks van dertien episodes

Die Algemene Sinode se Moderamen [ASM] het bewus geword van die onsekerheid ten opsigte van die oortuigings, standpunte en werkswyse van die NG Kerk. In 'n reeks videos val die soeklig op die oortuigings, standpunte en werkswyse.

* Kliek hier om na die volledige reeks ***"So glo, leer en getuig ons..."*** te kyk.

❖ Legitimasie (UP)

Kobus Myburgh, Predikant vir Kerkeie Opleiding, skryf: Die legitimasie van ons finalejaarstudente is 'n hoogtepunt in ons jaarprogram. Namens die Kuratorium van die NG Kerk wil ons almal uitnooi om hierdie geleentheid saam met ons te beleef. Dit vind plaas op Donderdag, *11 November 2021* om 19:00 by die NG Gemeente Universiteitsoord. Vir **enige navrae**, kontak asseblief Lizette van der Kooi by 012 420 2892 of ngkerk@up.ac.za.

❖ PAIA-Handleiding

Andrew Kok [**Bestuurder: NG Kerk Argief]** het die volgende inligting verskaf: "Ek ontvang tans 'n hele aantal navrae van gemeentes oor die nuutste proklamasie dat PAIA Handleidings opgestel moet word.

* Let asb op die volgende: Volgens die Wet op Inligting (Wet 2 van 2000 / PAIA = "*The **P**romotion of **A**ccess to **I**nformation **A**ct*) moet elke privaatliggaam (en dus ook elke gemeente, ring en sinode) by die Menseregte-kommissie registreer en 'n inventaris op datum hou van alle inligtingsdokumente in besit van die instansie. Die Kerkargief is namens die gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerk geregistreer as verantwoordelike instansie om almal se inventarisse op datum te hou.

Kyk gerus na ons webblad by https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#paia waar die nodige handleidings en

dokumente reeds beskikbaar is. U kerkkantore hoef dus nie so iets op te stel nie."

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *09 November*

Skriflesing: ***Heb 10:11-25***
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join. Zoom Meeting [Kliek hier]; **Meeting ID**: 921 9767 1478;
Password:453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk

Deon Strauss [**Rustenburg-Proteapark**] het sy PhD aan die Radboud Universiteit behaal. >>>

❖ Beroepe

<<< **Brits Janse van Rensburg [prop]** het die beroep na **Harare** aanvaar.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

07/11 Stanley Theron [Emeritus]
11/11 Marius Hunter [Northam]
Frans Burger [Rietfontein-Noord]
Jan Cronjé [Emeritus]
12/11 Theuns Kriek [Warmbad-Wes]
Nico Behr [Emeritus]

****

07/11 Ilze Meyer [Eggenote van Tjaart Meyer, Pietersburg-Oos]
08/11 Erika Lemmer [Eggenote van Louis Lemmer, Magalieskruin]
09/11 Christine Haarhoff [Eggenote van Emil Haarhoff, Emeritus]
Angelique Jordaan [Eggenote van Pieter Jordaan, Rustenburg-Bergsig]
10/11 Ilse de Beer [Eggenote van Frans de Beer, Springbokvlakte]
11/11 Cori Lamprecht [Eggenote van Niekie Lamprecht, Emeritus]
12/11 Hannalie Kriek [Eggenote van Theuns Kriek, Warmbad-Wes]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Levubu [07/11/1972]
Haakdoorn [12/11/1976]
Koedoesrand [13/11/1943]

Excelsus

Boekbespreking

Jy word vriendelik uitgenooi om deel te neem aan die boekbespreking van George Hunsinger se **The Eucharist and Ecumenism: Let us Keep the Feast**.
Die aanlynsessies vind op *9 November en 16 November* om 14:00 plaas.
Sprekers: Martin Laubscher, Jacobus de Bruyn, Dieter de Bruin.
Kyk gerus na die **agtergrondvideo** rondom die tema. [Kliek hier].
Registreer by hierdie skakel.

Church Unusual: Lessons from the pandemic
Presented by Ekklesia

Die *aanlyn* konferensie is gebaseer op die boek: *"Covid-19 in congregations and Communities"*, deur Ian Nell.
Datum: *10 November*.
* Vir die **volledige inligting:** kliek hier
* Om te **registreer:** kliek hier.



Hugenote Kollege

South African Spiritualities: ***Experiencing God in everything and nothingness***
Date: *24-26 November*
Conference fee: R450 (lunch included)
Online: R200
Https://www.southafricanspiritualities.com/

Ander kursusse / werkswinkels

❖ HospiVision

Upcoming Webinars

Becoming serious about Self Care - dr Jakes Carnow Date: *6 November* Time: 10:00-14:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*	**Caring for the Caregiver** Presenters: dr Line Rudolph & Mrs Dedrie Nel Date: *12 November* Time: 09:00-12:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*	**Welcome to the Board** A webinar on Board Governance by Dr. Riaan Oelofse Date: *20 November* 2021 Platform: Microsoft Teams Cost: R600 and delegates will get a copy of his book. *Learn More*	**Where God and Science meet: Living an abundant life** Date: *26 November* Time: 09:00-13:00 Platform: Microsoft Teams Costs: R350 *Learn More*

Ander nuus

❖ Kersfonds van Kerkbode en Bybel-Media

Kerkbode skryf: Ons het 'n paar navrae gekry oor die jaarlikse Kersfonds-projek wat ons gesamentlik met Bybel Media reël. Die goeie nuus is die projek gaan volstoom voort naamlik om die verlossingsverhaal in die Bybel in pragtige volkleur-vouboeke vir alle kinders in Suid-Afrika beskikbaar te maak. *Al wat verander het is die bankbesonderhede*.
* **Kliek op die skakel vir meer inligting asook die bankbesonderhede**:
https://kerkbode.christians.co.za/2021/10/22/kersfonds-nuwe-projek-bring-die-goeie-nuus-aan-kinders/
Navrae: Heléne Meissenheimer [Uitvoerende Joernalis: Kerkbode] 021 864 8201 | helene@bmedia.co.za

❖ Bybel-Media

2022 Dagbeplanners

Pragtige 2022-dagbeplanners van welbekende skrywers soos Nina Smit, Joyce Meyer en John C Maxwell is nou beskikbaar. Daar is ook Algemene Christelike Leefstyl Dagbeplanners en Skooldagboeke vir seuns en meisies om van te kies.
Kliek hier: eShop @ BM (bybelmedia.org.za)
Navrae: 021 864 8211

Vakatures

❖ Villieria

Voltydse Medeleraar: Hierdie is 'n voorstedelike gemeente in die Moot van Pretoria. Die gemeente se missie is "'n Hand van Liefde en Hoop". Hulle streef daarna om die volgende waardes uit te leef: Verskeidenheid, Liefde, Omgee, Eenvoud en Diensbaarheid.
* Kliek hier om die volledige advertensie te lees.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *11 November 2021.*
Diensaanvaarding geskied so vroeg as moontlik in *2022.*
Kontakpersone: Derick du Toit (082 958 0473) & Rehan Rheeder (083 288 7756)

❖ **Overkruin**

Voltydse Medeleraar: Dié gemeente is geleë noord van die Magaliesberg in Wonderboom, Pretoria met ongeveer 1 409 belydende en 273 dooplidmate. Ons nooi gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om aansoek te doen vir die pos.
* Kliek hier om die volledige advertensie te lees.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *15 November* 2021**.**
Diensaanvaarding: *1 Maart 2022* of so spoedig moontlik daarna.
Navrae: Danie Kolver: [Voorsitter: Pre-advieskommissie – danie@klvr.co.za of 083 628 369] of ds Corné Randall [corne@ngoverkruin.org.za of 072 207 8350].

❖ **Kerkbode Vakatures**: Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

Naskrif